



MONDELING 2020
AFRIKAANS EAT
Graad 10

VRAESTEL 4 [50]



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DISTRIK:	
SKOOL:	
DATUM:	
VAK:	Afrikaans Eerste Addisionele Taal
GRAAD:	10
TAAK 6	<i>Vraestel 4: Mondeling Vorbereide toespraak</i>
PUNTE:	20
TYDSDUUR:	2-3 minute

BEPLANNING, NAVORSING EN ORGANISERING

- Lees vooraf die opdrag deeglik en onderstreep die kernwoorde.
- Kies jou onderwerp sorgvuldig deur aandagtig te luister wanneer jou onderwyser die verskillende onderwerpe bespreek en verduidelik. Skryf alles neer wat jy reeds van elke onderwerp weet.
- Maak potloodaantekeninge tydens hierdie bespreking.
- Neem deel aan 'n kort bespreking in die klas en kies dan jou onderwerp.
- Jou finale keuse van 'n onderwerp sal deur die onderwyser geverifieer word.
- Doen sorgvuldig navorsing oor jou onderwerp.
- Gebruik toepaslike hulpmiddels om die gehalte van jou aanbieding te verhoog.
- Handig na afloop 'n netjiese geskrewe of getikte weergawe van jou toespraak in. Slegs gidskaarte is nie voldoende nie.
- Onthou om saam met jou geskrewe/getikte toespraak ook erkenning te gee aan die bronne wat jy geraadpleeg het.

Kies **EEN** van die volgende onderwerpe en lewer 'n voorbereide toespraak van 2 TOT 3 MINUTE daaroor.


1. Die media berig daaglik oor dissipline wat in skole hande uitruk. Lewer 'n toespraak oor hierdie probleem waarin jy die redes vir dissiplinêre probleem uitlig asook maniere hoe dit aangespreek kan word.
 2. Redeneer in 'n toespraak oor die voor- en nadele wat tegnologie in klaskamers inhou. Motiveer aan die einde waarom jy vir of teen tegnologiese hulpmiddels in klaskameronderrig is.
 3. Die vere maak die voël - of dalk nie? Is dit nodig om altyd die nuwerwetse modes slaafs na te volg. Is 'n mens altyd oudmodies of koekerig as jy nie die nuutse klerereekse dra nie. Hoe voel tieners van verskillende kultuurgroepe hieroor. Doen navorsing en lewer 'n toespraak hieroor.
 4. Aangesien daar deesdae so baie skoolvakansiedae in 'n jaar is, plaas dit geweldige druk op onderwysers om die leerplanne te voltooi en sukkel leerders om by die vinnige pas by te hou. Lewer 'n toespraak waarin jy wenke aan die hand doen oor hoe graad 10-leerders hierdie werksdruk moet probeer hanteer.
 5. Skooltrots is 'n vreemde konsep vir hedendaagse leerders. Lewer 'n toespraak hieroor waarin jy hierdie mening bevestig of ondersteun op grond van navorsing wat jy gedoen het.
1. Eie onderwerp:
- Kies 'n onderwerp waarin jy belangstel: Waarvoor gee jy om? Waarvan sal jy meer wil leer?
 - Bespreek jou onderwerp met die onderwyser voordat jy met jou navorsing begin.
 - Wees seker van die doel van jou toespraak/aanbieding: Wil jy jou gehoor oortuig van iets? Wil jy jou gehoor inlig oor 'n onderwerp of slegs 'n vermaaklike storie vertel

Let wel: Plaas alle bewyse van jou toespraak in jou SGA-lêer.

NAAM VAN LEERLING: _____ KLAS: _____

ONDERWYSER: _____

KRITERIA VIE ASSESSERING – VOORBEREIDE TOESPRAAK EERSTE ADDISIONELE TAAI [10 x 5 = 50 / 2.5 = 20]

Kriteria	Kode 7 (Uitmuntend) 8-10	Kode 6 (Verdiensielik) 7	Kode 5 (Buitegewoon) 6	Kode 4 (Voldoende) 5	Kode 3 (Matig) 4	Kode 2 (Basies) 3	Kode 1 (Ontoereikend) 0-2	TOTAAL	
Navorsing	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		
Bepianing en organisering van Inhoud	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		
Kritiese bewustheid van taalgebruik	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		
Toon-, praat- en aanbiedings vaardighede	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		
Keuse, ontwerp en gebruik van klank- en / of visuele hulpmiddels	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		<i>Punt behaal uit 20</i>
								<u>50</u>	

Assesseringsrubriek – Voorbereide Toespraak Eerste Addisionele Taal [10 x 5 = 50 / 2.5 = 20]

Kriteria	Kode 7 - Uitmuntend	Kode 6 - Verdienstelik	Kode 5 - Buitengewoon	Kode 4 – Voldoende	Kode 3 – Matig	Kode 2 – Basies	Kode 1 – Ontoereikend
Navorsing	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Uitstaande bewyse dat meer as die minimum twee relevante hulpbronne effektief geraadpleeg en erken is.	Oortuigende bewyse dat meer as die minimum van twee relevante hulpbronne geraadpleeg en erken is.	Baie goeie bewyse dat 'n minimum van twee relevante hulpbronne geraadpleeg en erken is.	Goeie bewyse dat 'n relevante hulpbron geraadpleeg en erken is.	Geringe bewyse dat 'n toepaslike bron geraadpleeg en erken is.	Beperkte bewyse dat 'n hulpbron geraadpleeg en erken is.	Geen bewyse dat enige hulpbronne geraadpleeg is nie.
Beplanning en organisering van Inhoud	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Uitstaande keuse van 'n onderwerp wat oorspronklik, relevant en sensitief vir die gehoor is. Uitstaande inleiding wat die gehoor se aandag onmiddellik trek, uitstaande ontwikkeling van idees en argumente, uitstaande gevolgtrekking	Oortuigende keuse van 'n onderwerp wat grootliks oorspronklik, relevant en sensitief vir die gehoor is. Oortuigende inleiding wat die gehoor se aandag trek oortuigende ontwikkeling van idees en argumente, oortuigende gevolgtrekking	'n Baie goeie keuse van 'n onderwerp wat oorspronklik en sensitief vir die gehoor is. Baie goeie inleiding wat gehoor se aandag trek, baie goeie ontwikkeling van idees en argumente, baie goeie gevolgtrekking	'n Goeie keuse van 'n onderwerp wat oorspronklik en sensitief vir die gehoor is. Goeie inleiding wat die gehoor se aandag trek, goeie ontwikkeling van idees en argumente, goeie gevolgtrekking	Die keuse van 'n onderwerp toon oorspronklikheid en sensitiwiteit vir die gehoor. 'n Paar bewyse van inleiding wat die gehoor se aandag trek, ontwikkeling van idees en argumente en 'n poging tot 'n gevolgtrekking.	Die keuse van 'n onderwerp toon beperkte oorspronklikheid en sensitiwiteit vir die gehoor. Beperkte bewyse van inleiding wat die gehoor se aandag trek, ontwikkeling van idees en argumente, en 'n beperkte poging tot 'n gevolgtrekking.	Die keuse van 'n onderwerp toon min of geen oorspronklikheid of sensitiwiteit vir die gehoor nie. Min of geen bewyse van inleiding wat die gehoor se aandag trek nie, min of geen ontwikkeling van idees en argumente nie en geen poging tot 'n gevolgtrekking nie. Die toespraak is in geheel afgeskryf en is nie oorspronklike werk nie.
Kritiese bewustheid van taalgebruik	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Uitstaande vermoë om taal en woordeskat te manipuleer.– Buitengewone bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	Oortuigende vermoë om taal en woordeskat te manipuleer. Oortuigende bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	Baie goeie vermoë om taal te manipuleer. Baie goeie woordeskat. Baie goeie bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	Goeie vermoë om taal te manipuleer. Goeie woordeskat. Goeie bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	Matige vermoë om taal te manipuleer. Matige gebruik van woordeskat. Matige bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	Beperkte vermoë om taal en woordeskat te manipuleer. Beperkte bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik	Nie in staat om taal te manipuleer nie. Baie beperkte woordeskat. Geensins in staat om bewustheid van en sensitiwiteit vir kulturele diversiteit ten opsigte van taalgebruik te toon nie
Toon-, praat- en aanbiedings vaardighede	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Indrukwekkende aanbieding met 'n uitstekende styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukings, gebare en lyftaal. 'n Selfversekerde aflewering met uiters doeltreffende gebruik van flitskaarte.	'n Goed gestruktureerde aanbieding met 'n oortuigende styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukings, gebare en lyftaal. Flitskaarte is effektief en met selfvertroue gebruik.	'n Gestruktureerde aanbieding met 'n baie goeie styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukings, gebare en lyftaal. Flitskaarte is effektief gebruik.	'n Aanvaarbare aanbieding met 'n goeie styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukings, gebare en lyftaal. 'n Gedeeltelike afhanklikheid van flitskaarte, maar nog steeds goeie kontak met die gehoor	'n Matige aanbieding met 'n matige gebruik van styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukings, gebare en lyftaal. Gebruik van flitskaarte trek aandag dikwels af van die aanbieding.	'n Elementêre aanbieding met 'n beperkte gebruik van styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukings, gebare en lyftaal. Ten volle afhanklik van flitskaarte.	'n Ondoeltreffende aanbieding met min of geen styl, register, oogkontak, gesigsuitdrukings, gebare en lyftaal. Geen flitskaarte is as hulpmiddel gebruik nie.
Keuse, ontwerp en gebruik van klank- en / of visuele hulpmiddels	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Indrukwekkende keuse en aanbieding van visuele / klank- hulpmiddels	Oortuigende keuse en gebruik van visuele / klankhulpmiddels	Baie goeie keuse en gebruik van visuele / klankhulpmiddels	Goeie keuse en gebruik van visuele / klankhulpmiddels	Geringe gebruik van visuele / klank hulpmiddels, maar nie altyd toepaslik nie	Beperkte gebruik van visuele / klankhulpmiddels	Geen gebruik van visuele / klankhulpmiddels nie.



DISTRIK:	
SKOOL:	
DATUM:	
VAK:	Afrikaans Eerste Addisionele Taal
GRAAD:	10
TAAK 8	<i>Vraestel 4: Mondeling</i> <i>Vorbereide Lees</i>
PUNTE:	20
TYDSDUUR:	1 - 2 minute

INSTRUKSIES:

1. Lees die volgende teks wat aan jou gegee word.
2. Let op die volgende as jy die leesstuk voorberei:
 - Leesspoed – Jy moet so vloeiend as moontlik probeer lees.
 - Uitspraak van die woorde – Jy moet oefen om die woorde reg uit te spreek.
 - Leer om met gevoel te lees en stop by by punte en kommas.
 - Woorde wat jy nie verstaan nie, se betekenis moet jy opsoek in die woordeboek.
 - Maak seker jy verstaan wat jy lees sodat jy die vrae wat daarvoor gevra gaan word, kan beantwoord.
 - Let op na die rubriek, wat die kriteria aandui, waarvolgens jy punte sal kry. Die onderwyser sal dit met jou bespreek.

Pre-lees

Bespreek die opskrifte in die uittreksels in *kursief* gedruk. Wat is die doel daarvan?

Onderstreep die woorde waarvan die betekenis onduidelik is. Maak 'n lysie op 'n folio papier en verklaar die betekenis van die woorde. (Gebruik 'n tweetalige woordeboek om die betekenis op te soek)

Die woordeskat sal vooraf met jou behandel word deur die onderwyser.

Tydens lees

Stel jou onderwerp bekend.

Lees nou beide UITTREKSEL A en B, of UITTREKSEL C. Jy moet aandagtig lees sodat jy verstaak waarom die uittreksels handel.

Lees een VAN DIE die volgende uittreksels uit die voorgeskrewe drama, *Betower*.

UITTREKSEL A

(Speel af in die bos, by Ouma se huis en by skool)

- NADIA: *(Vir gehoor)* Ek volg Poenk se uitgetrapte skoenspore in die voetpaadjie wat deur die donsgras kronkel en tussen sie bome inloop. Maar 'n ent van die ons af gaan ek staan. Ek kyk hoe Poenk eers groen word soos die blare, en toe in die skadu verander en wegraak (...*Ingedagte, skielik haastig*) Ek kan nie hier bly nie. Ek moet huis toe gaan, Ouma sal wonder waar ek is. En my ma – wat nou nog nie gebel het nie – sy sal nie daarvan hou as ek so agter seuns aanloop nie. My ma wat my met *Post-it notes* op die yskasdeur, en geldnote vasgedruk onder yskasmagnete probeergrootmaak het. Eintlik is die goed wat met my en daardie ou in Johannesburg gebeur het my ma se skuld. Maar dit was die ou, Armand, wat gesê het hy het my lief; nie my ma nie. En kyk nou...kyk wat het gebeur met Ma se yskaskind.
- JOY: *(Vir gehoor)* Nadia sê dit vir die klippe langs die pad. Maar sy weet nie of die klippe luister nie.
- POENK: *(Vir Joy en die gehoor)* Die klippe luister. Die bome ook en die wind.

EN

UITTREKSEL B

(By die skool. Poenk het 'n papierbord en 'n plastieklepel in sy hand. Hy probeer die bord op 'n sny bruinbrood balanseer. Nadia kom nader)
Nadia?

- POENK: Ek het... *(Sy kyk na die bord kos in sy hande. Kry Poenk jammer.)*
- NADIA: *(Lyk ongemaklik, skamerig.)* Ja?
Hierdie is vir jou, Poenk. *(Gee 'n plastieksakkie vol koekies vir hom.)*
- POENK: Gemmerkoekies! Wow!
- NADIA: *(Vir die gehoor)* Poenk se gesig blink. In sy oë is die son, die bos en 'n

	spoor koekiekrummels.
POENK:	(<i>Vir die gehoor</i>) Maar toe die skoolklok lui vir eerste periode lê 'n
NADIA:	gekraakte plastieklepel, 'n omgekeerde bord sousboontjies en 'n
JOY:	platgetrapte stuk bruinbrood agter die skool se gimsaal. Poenk kon
	darem Nadia se koekies betyds in sy broeksak druk, al lyk dit nou of
	hulle net goed genoeg is om die pad uit 'n verdwaalbos te wys.
	(<i>Gervan skoorsoekerig op. Hy kyk na die bord en stuk brood. Hy trap</i>
	<i>daarop en lag. Loop af</i>)
	(<i>Aan Poenk</i>) Hei, Poenk, is jy oukei?
NADIA:	(<i>Knik bedremmeld</i>) Dankie vir daardie koekies, Nadia. Het jy dit self
POENK:	gebak?

OF

UITTREKSEL C: 'N KORTVERHAAL

Superzero's deur Fanie Viljoen

Hierdie is 'n groot fout, besef ek toe ek en Clint by die gim instap. Ek is so maer soos 'n muskiet en Clint is so dik soos donderweer, maar ons het besluit om vanjaar iets daaraan te doen.

Dis ons eerste dag en my maag draai alreeds. Ek snuif in die lug. Daar hang so 'n reuk in die lug. Nee, dis nie sweet nie. Dis vrees. My en Clint se vrees.

"Dis crazy. Hoekom is ons hier?" fluister Clint.

Ek wonder skielik ook.

"Welkom!" roep Patricia by die toonbank. Ek vermoed dit is sy wat later die ambulans sal bel as ons omkap. Of 'n been breek. Of bloei. Daarom groet ons vriendelik terug.

Op die gimvloer kyk ons dinge eers uit: Apparate, tonne gewigte, hardloopmasjiene, roeimasjiene, fietse en meer. Ek en Clint het vooraf besluit ons gaan met gewigte oefen. Ons wil lywe soos superhelde hê.

Maar eers gaan drink ons water, want ek raak gou gespanne.

Dit maak my seker ook blind. In die omdraai stamp ek per ongeluk teen iemand.

Die grootste ou in die gim gluur my aan. Hy lyk amper soos Hulk, minus die groen vel.

"Wat dink jy doen jy?" vra hy vir my.

"Skies, dis ons eerste dag," antwoord ek. Ek is nou nog meer gespanne.

Die Hulk kyk ons op en af.

Ons lyk seker weird. Ek met my ou Batman-Themp en rugbybroek. Clint met 'n atletiekhemp en 'n skibroek wat soos 'n vel aan hom klou. Kaptein DonderDye.

Ons is maklik die verste van superhelde af wat jy kan kry – eerder superzero's as superhero's.

Vandag slaat ons ons name met 'n piesang. Maar dis nou te laat, ons kan nie omdraai nie.

"Wat weet julle van gim?" vra die Hulk. Die spiere in sy nek maak bulle soos vuiste.

"Ons het oefeninge gegoogel," antwoord ek.

“En YouTube-video’s gekyk,” antwoord Clint.

Die Hulk grom, of dalk is dit sy manier van lag. “Vergeet daarvan,” spoeg hy. “Ek sal julle wys.”

Ek gryp betyds my vol waterbottel. Die Hulk gryp vir my.

“Gaan ons eers opwarm?” vra Clint.

“Hoekom? Is julle pizzas?” vra die Hulk.

Goeie punt, dink ek.

Ek druk my waterbottel in my sak, ook net betyds, want die Hulk druk twee gewigte in my hande. Amper plant ek my gesig op die vloer. Clint slaan byna agteroor met sy gewigte.

Die Hulk lag. Die ouens om ons ook. Die plek swem omtrent in testosteroon, behalwe in die kolletjie waar ek en Clint staan. Hier swem dit in moroon.


“Laat ek julle ’n paar goed wys,” sê die Hulk.

Wat gaan die Hulk hulle wys? Lees verder in *Iemand wat verdrink en ander verhale*.

Post –lees

Die onderwyser sal aan jou vrae vra, wat jy moet kan beantwoord.

Kriteria – Voorbereide Lees Eerste Addisionele Taal [10 x 4 = 40 / 2 = 20]

Kriteria	Kode 7 (Uitmuntend) 8-10	Kode 6 (Verdiensielik) 7	Kode 5 (Buitegewoon) 6	Kode 4 (Voldoende) 5	Kode 3 (Matig) 4	Kode 2 (Basies) 3	Kode 1 (Ontoereikend) 0-2	TOTAAL	
<i>Vloeiendheid en met aandag doel van taak</i>	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		
<i>Demonstreer die gebruik van toon en infleksie om betekenis aan die gehoor oor te dra</i>	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		
<i>Gebruik oogkontak, gebare, lyftaal en gesigsuitdrukking</i>	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		Punt behaal:
<i>Antwoorde op vrae toon leerder se kritiese interpretasie van die teks</i>	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2		
Totaal								<u>40</u>	= 20

Assesseringsrubriek – Voorbereide Lees Eerste Addisionele Taal [10 x 4 = 40 / 2 = 20]

Kriteria	Kode 7 – Uitmuntend	Kode 6 - Verdienstelik	Kode 5 - Buitengewoon	Kode 4 – Voldoende	Kode 3 – Matig	Kode 2 – Basies	Kode 1 - Ontoereikend
Vloeiendheid en met aandag doel van taak	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Uitmuntende vloeiende en uiters vermaaklike leeswerk Leser demonstreer uitstekende interpretasie van die teks.	Besondere vloeiende leeswerk. Teks word ten volle verstaan en die interpretasie is goed.	Vloeiende leeswerk. Verstaan teks en interpretasie is goed.	Lees redelik vlot. Leser interpreteer teks genoegsaam om betekenis oor te dra.	Lees met beperkte vlotheid. Gedeeltelike interpretasie van teks om sommige van die betekenis oor te dra.	Lees nie vlot nie. Gedeeltelike bewys van teksinterpretasie maar die betekenis is ontwrig.	Leeswerk waarin gehakkel voorkom. Geen bewys van interpretasie en betekenis.
Demonstreer die gebruik van toon en infleksie om betekenis aan die gehoor oor te dra	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Betekenis word uitstekend oorgedra deur frasiering, rusposes en infleksie.frasiering Uitstekende stemprojeksie asook uitspraak	Baie goeie gebruik van frasiering, rusposes en infleksie om betekenis oor te dra. Baie goeie stemprojeksie asook uitspraak	Goeie gebruik van frasiering, rusposes en infleksie om betekenis oor te dra. Goeie stemprojeksie asook uitspraak	Frasiering, rusposes en infleksie word gebruik om betekenis oor te dra. Lees is duidelik en hoorbaar en uitspraak verbeter betekenis	Poog daarin om frasiering, rusposes en infleksie te gebruik om betekenis oor te dra. Lees is hoorbaar en uitspraak beïnvloed nie betekenis nie	Swak gebruik van frasiering, rusposes en onnatuurlike infleksie in leesproses. Lees nie altyd hoorbaar nie en baie woorde word verkeerd uitgespreek	Amper geen poging word aangewend vir korrekte frasiering en infleksie nie. Swak uitspraak en swak uitspraak maak die aflewering byna onverstaanbaar.
Gebruik oogkontak, gebare, lyftaal en gesigsuitdrukking	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Algehele gepaste oogkontak Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal is besonder effektief gebruik.	Baie goeie oogkontak Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal is effektief gebruik	Goeie oogkontak Gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal is toepaslik gebruik	Suksesvolle pogings om oogkontak te maak Voldoende gebruik van gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal ondersteun die betekenis	Doelbewuste pogings is aangewend om oogkontak te maak Bewyse van geskikte gebare, gesigsuitdrukking en lyftaal ondersteun die betekenis	Onsuksesvolle pogings om oogkontak te maak Baie min gebare, gesigsuitdrukking of sinvolle lyftaal senuweeagtige gebare	Byna geen oogkontak nie Sturende en onvanpaste gebare en lyftaal
Antwoorde op vrae toon leerder se kritiese interpretasie van die teks	8 - 10	7	6	5	4	3	0 - 2
	Hanteer vrae met totale vertroue, gemak en met sensitiwiteit vir die teks Houding en menings getuig van van selfvertroue asook volgehoue regverdiging	Hanteer vrae met vertroue, gemak en sensitiwiteit vir die teks Menings goed volgehoue asook volgehoue regverdig	Hanteer vrae en reageer sinvol met paar foute In staat om menings te verdedig en te regverdig	Hanteer vrae en reageer sinvol, maar net soms met foute Menings word met redelike selfvertroue gemotiveer	Verstaan vrae en kan sommige van die vrae beantwoord Menings word net soms voldoende gemotiveer	Verstaan vrae, maar verskaf soms foutiewe antwoorde Baie huiwerig om 'n mening uit te spreek	Is meestal nie in staat om vrae te verstaan of daarop te reageer nie Kan nie menings motiveer nie

VRAESTEL 4: MONDELING**KANDIDAAT SE INLIGTINGSVORM**

(Moet deur elke leerder voltooi word vir gebruik tydens eksterne moderering.)

LEERDER SE VAN: _____ **VOORNAAM:** _____

1. Lees: *Titel van teks waaruit leesstuk kom*

2. Onderwerp van voorbereide toespraak:

Belangstellings en stokperdjies: Skryf in volsinne.

Voorgenome beroep: Skryf in volsinne.

Enige ander toekomsplanne: Skryf in volsinne.

Let wel:

Kandidate sal ook aan informele besprekings deelneem. Oefen hoe om jouself in Afrikaans voor te stel, vertel iets van jouself (belangstellings en stokperdjies) en vertel van jou toekomsplanne.